Social Security Scotland
Tèarainteachd Shòisealta Alba

# Begrafnisondersteuning-betaling

**Wat is Funeral Support Payment (begrafnisondersteuning-betaling)?**

Dit is ’n betaling wat beskikbaar is vir mense in Skotland wat universele krediet of ander kwalifiserende voordele ontvang, en wat ondersteuning nodig het om te help betaal vir die koste van ’n begrafnis.

**Wie kan dit kry?**

Mense kan moontlik vir Funeral Support Payment in aanmerking kom as hulle aan al die onderstaande kriteria voldoen:

- hulle woon in Skotland
- hulle of hul lewensmaat ontvang sekere voordele*
- die persoon wat gesterf het, het in die VK gewoon
- die begrafnis word in die VK (of in sommige omstandighede in die EU, Ysland, Liechtenstein, Noorweë of Switserland) gehou
- hulle doen aansoek nadat die persoon gesterf het, tot 6 maande ná die datum van hul begrafnis
- hulle of hul lewensmaat is verantwoordelik vir die begrafnis
- dit is redelik dat hulle of hul lewensmaat verantwoordelikheid vir die begrafniskoste aanvaar.

Gewoonlik is dit redelik dat die naaste familielid van die persoon wat gesterf het, verantwoordelikheid vir die begrafniskoste aanvaar. ’n Naaste familielid kan ’n lewensmaat, kind, ouer, broer of suster wees. Indien u of u lewensmaat nie die naaste familielid is nie, sal u wanneer u aansoek doen vir ons moet verduidelik hoekom dit redelik is dat u verantwoordelikheid aanvaar.

* Universele krediet (universal credit, UC), inkomste-ondersteuning, inkomstegebaseerde werksoeker-toelaag, inkomsteverwante werknemer-en-ondersteuning-toelaag, pensioenkrediet, behuisingsvoordeel.

Daar is ’n kwalifiseringstoetser aan die begin van die aanlyn vorm en op bladsy 2 van die papier-aansoekvorm ingesluit.

**Hoeveel is die betaling?**

Funeral Support Payment is ’n gedeeltelike betaling en sal ’n deel van die begrafniskoste dek, maar waarskynlik nie alles nie. Dit is afhanklik van individuele voorkeur van begrafniskeuses en wisselende fooie vir dienste in Skotland.

Indien die persoon in aanmerking kom, sal die bedrag wat hulle sal ontvang afhang van wat hulle geëis het en hoeveel geld deur die persoon wat gesterf het, nagelaat is.

**Funeral Support Payment kan moontlik die volgende dek:**

- begrafnis- en verassingskoste (hierdie koste verskil van plek tot plek, en daarom het ons besluit wat is die redelike plaaslike koste wat ons sal betaal:mygov.scot/burial-cremation-costs-scotland)
- ’n vaste tarief vir enige ander uitgawes – £1279.15 vir die meeste aansoeke en £156.10 indien die persoon wat gesterf het, met ’n begrafnisplan vir hul begrafnis voorsiening gemaak het
- sekere reiskoste, dokumentkoste en mediese kostes.

**Hoeveel mense kan hierdie betaling kry?**

1 persoon per begrafnis.

**Hoe doen mense aansoek?**

Mense kan meer uitvind en aanlyn aansoek doen by **mygov.scot/funeralsupport**. Mense kan ook in-persoon of oor die telefoon aansoek doen, of per pos deur ’n papier-aansoekvorm te versoek deur ons gratis te skakel by **0800 182 2222**.

Voordat mense vir Funeral Support Payment aansoek doen, moet hulle die sterfte of stilgeboorte registreer en hul begrafnisondernemer (indien hulle een het) toestemming gee om met ons oor hul aansoek te praat – dit sal die hoeveelheid tyd wat dit neem om die aansoek te verwerk, verminder.

Daar is 2 aansoekvorms – ’n kind-aansoekvorm en ’n volwassene-aansoekvorm. Die aansoekvorms is duidelik in die regter boonste hoek gemerk. Die vorm vir die begrafnis vir ’n jong persoon of kind bevat minder vrae.

**Vir hoe lank nadat mense aansoek gedoen het, sal hulle moet wag om hul betaling te ontvang?**

Mense behoort ’n besluit te ontvang binne 10 werksdae nadat ons ’n voltooide aansoekvorm ontvang het, tesame met alle ondersteunende bewyse wat vereis word. Hul betaling sal kort daarna volg.

**Watter bewyse sal vereis word?**

Indien daar vir hulle gesê is dat hulle afskrifte van enige sertifikate, kwitansies of rekeninge moet stuur wanneer hulle aansoek gedoen het, sal hulle dit moet stuur voordat Social Security Scotland hul aansoek kan behandel. Hulle kan dit óf aanlyn stuur by **mygov.scot/uploading-your-documents** óf hulle sal ’n voorafbetaalde koevert ontvang wat hulle na Social Security Scotland moet terugstuur.

**Moet die persoon hierdie geld terugbetaal?**

Nee, dit is nie ’n lening nie en hoef nie terugbetaal te word nie. Indien die persoon wat gesterf het, finansiële bates nagelaat het, sal ons hierdie betaling van hul boedel verhaal.

**Aan wie word die geld betaal?**

Die geld sal direk in die persoon se gekose finansiële rekening of direk aan die begrafnisondernemer betaal word (dit is gewoonlik die kliënt se keuse, maar ons het hul toestemming hiervoor nodig).

**Wanneer kan mense aansoek doen?**

Mense kan aansoek doen nadat die persoon vir wie die begrafnis is, gesterf het en tot 6 maande ná die datum van die begrafnis.